# Orionland Kleuterskool

# PROSEDURE
# VIR INSKRYWINGS

Indien u u kleuter by Orionland Kleuterskool wil inskryf, vul die meegaande vorms in en stuur so gou as moontlik terug, tesame met die volgende:

- R500-00 inskrywings-/skryfbehoeftefooi **(nie terugbetaalbaar nie)**
- Afskrif van geboortesertifikaat
- Afskrif van kliniekkaart waarop inentings aangedui is
- Bewys van verblyf **(MOET IN OUER SE NAAM WEES)**
  (huidige water- en ligte rekening / huurooreenkoms / onlangse rekening)
- **1x ID-foto van kleuter** vasgeplak met kleeflint, regs bo-aan die inskrywingsvorm
- **2x Afskrifte** van BEIDE ouers se ID-dokumente
- **Medisyne briefie**
- Popi-wet afskeurstrokie en ooreenkoms

Die indiening van valse inligting kan tot vervolging lei.

**Indien bogenoemde dokumentasie NIE saam met die oorspronklike inskrywingsvorm ingehandig word nie, kan u kleuter nie in aanmerking kom vir keuring nie.**

U sal einde Augustus, ’n e-pos ontvang om u in te lig of u aansoek suksesvol was, al dan nie. (Maak asb. seker u inligting is korrek op die inskrywing sodat u gekontak kan word).

Indien u om welke rede ookal u kleuter se inskrywing wil kanselleer, e-pos so gou as moontlik ’n kennisgewingsbrief na ***orionlandnavrae@lsorion.co.za*** om die heffing van skoolgelde vir Januarie te voorkom.
**L.W. Inskrywings- / skryfbehoeftefooi van R500 is nie terugbetaalbaar nie.**

**Eerste** skoolfonds paaiement vir Januarie is betaalbaar, nie later nie as die **eerste** dag wat die skool begin vir die nuwe skoolkwartaal. Die aand vóór die skool begin in Januarie (Oueraand), sal daar ook ’n geleentheid wees waartydens u die skoolfonds kan betaal.

Toelating tot Orionland Kleuterskool en/of die Naskoolsentrum vir die daaropvolgende jaar, is onderhewig aan die **volle betaling** van die huidige skooljaar se fooie voor/op 7 November.